

# Die Fontein

6 September 2020 Jaargang 40 Uitgawe 14

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Kameeldrift

Ds Johannes Aucamp

Eredienste: 1ste diens 9h00 / 2de diens 10h30

## Preekreeks uit 2 Petrus (opsomming sover)

### WEES FEESGEREED

- **Wie?** Verloofde bruid van God (Die gelowiges. Die kerk.)
- **Waarvoor?** Die wederkoms van jou Bruidegom, Jesus Christus.
- **Want?** Daar is dwaalleerraars en spotters wat jou gaan probeer verlei en jy moet staande bly.
- **Hoe?** Onthou om te onthou.
  - ✓ Die kosbaarheid van jou geloof.
  - ✓ Om te groei in genade en kennis van God deur in verhouding met Hom te leef.
  - ✓ In hierdie kennis verhouding met God het Hy reeds alles wat nodig is, om toegewyd aan Hom te leef, vir jou gegee.
  - ✓ Die kosbare en grootste beloftes van God sodat jy Jesus Christus kan weerspieël (soos Hy te word)
- **Opdrag?** Voeg daarom met alle ywer by jou geloof:
  - ✓ Deug en Kennis,

### Preek 9 (6 September 2020)

**Skrifgedeelte:** 2 Petrus 1:1 - 15 **Teks:** 2 Petrus 1:6

**Sing:** Sb 15-1:1, 2 & 4; Lb 305:1; Ps 103: 1 & 2; Lb 513: 1&3; Sb 13-3.

Verloofde bruidskerk, berei jouself in **ALLE YWER** vir jou troudag voor deur **SELFBEBEERSING** by jou GELOOF, DEUG en KENNIS as **VERSIERING** aan jou lewenstrourok **VAS TE WERK**.

**Kollektes vanoggend**Diakonie: **Barmhartigheid**Kerkraad: **Studentekas****Kollekte volgende week**

Diakonie: Barmhartigheid

Kerkraad: **Instandhouding van die erediens****HERVATTING VAN GESAMENTLIKE AANBIDDING IN DIE KERKGEBOU****Erediensbywoning**

**Bespreek** asseblief vooraf by **Benita, 082 573 0855**, wie en hoeveel persone die erediens wil bywoon voor 12h00 Vrydag.

Die **eerste 45 persone** wat bespreek sal die **eerste diens** om **9:00** kan bywoon.

Indien daar **meer as 45 persone** wil bespreek, sal daar 'n **tweede diens** om **10:30** gehou word en sal aan die **betrokke lidmate gekommunikeer** word dat hulle asseblief die 10:30 diens moet bywoon.

**Die staatsregulasies vereis dat die volgende gepubliseer moet word:**

- Elke persoon moet 'n masker dra tydens die erediens [reg. 4(1),6(1)];
- Mense met die volgende simptome gaan kerkbywoning gewyer word omdat dit teen die regulasies is [reg. 4(3)(4)]: koors, hoes, seer keel, kortasem, sukkel met asemhaling, lyfseer, aangetaste smaak of reuk, naarheid, braking, diaree, uitputting, moegheid of swakheid [reg. 2, 3(a)];
- Geen sosialisering voor en na die diens word toegelaat nie [reg. 8(4)], geen fisiese kontak of deel van Bybels of Psalm boeke tussen persone nie [reg.5(a),6(2),7(3)(b)]; asook 1.5 meter spasie tussen mekaar handhaaf [reg. 5(c)];
- Geen kollektes sal opgeneem word nie, en elektroniese bydraes word aangemoedig;
- Slegs solosang of vooraf opnames word toegelaat in die kerk [reg. 5(d)];
- Geen voedsel of drank mag tussen persone gedeel word nie [reg. 8(6)];
- Persone bo 60 en perone met mede-siektetoestande word aangemoedig om erediens tuis te kyk as hulle kan en so voel [reg. 8(7)];
- Indien 'n persoon die kerk besoek het en positief toets binne die opvolgende 14 dae moet hulle die kerkkantoor in kennis stel [reg.8(4)(3)(e)];

**Nuwe lidmate baie welkom!**

\* **Nuwe intrekkers**, voltooi asb ook die vorm vir nuwe intrekkers wat beskikbaar is op die webblad, en epos dit aan die kantoor kerk-kameeldrift@gmail.com

<http://www.kameeldrift.co.za>

Onthou om gereeld die Webwerf van ons gemeente te besoek / asook Facebook vir meer inligting

## **Lief en leed**

### **Ons vra vir voorbidding:**

- Susan Fourie (W07), ons is saam met Susan dankbaar dat die kanker nie verder versprei het nie. Ons bid haar en die dokters wysheid en krag toe in die besluitneming oor die tipe behandeling. Sy ondergaan wel DV Woensdag die 9de chirurgie.
- Marleen van der Walt (W05) word DV Maandag geopereer. Ons bid dat die operasie suksesvol sal wees en tot 'n permanente oplossing sal lei.
- Ons vra voorbidding vir medegelowiges wat hulle werk verloor het of wie se inkomste baie minder is.

### **Ons dank God vir:**

- Blackie Swart (W06), oom Blackie vier die 10de September sy 87ste verjaarsdag.
- Marius en Elsabe Coertse (W09) het oupa en ouma geword van 'n seuntjie. Dit is Adrianus en Luzanne se seuntjie.
- Hein, Alet en Hennie Enslin (W12) se seun is weer tuis. Bly asseblief steeds bid vir verdere herstel.
- Ons wil die Here dank vir 'n medelidmaat wat sonder inkomste was en hierdie week weer werk gekry het.

### **Bid vir die ouderlinge en diakens:**

Dat die ouderlinge en diakens biddend, onder leiding van die Heilige Gees, in en vanuit die Woord sal leef, leiding sal neem, ons as gemeente tot onderlinge liefde en versorging en die uitleef na buite, sal aanmoedig

Ons dank die Here vir die afgelope vergadering van die ouderlinge en diakens waar daar besluit is om 'n herder vir Kameeldrift te beroep.

## **ANDER AFKONDIGINGS**

### **Nominasievorm vir die beroeping van 'n predikant**

- Lidmate word versoek om predikante te nomineer wat moontlik as predikant vir GK Kameeldrift beroep kan word.
- Voltooi asseblief die nominasievorm en epos dit aan  
Kobus van der Merwe                      Jevdm@live.co.za asook  
Kobus Vorster                                v.kobus@telkomsa.net

### **Kameeldrift KFC**

Baie dankie aan almal wat die Kameeldrift KFC ondersteun het en almal wat met die voorbereidings gehelp het.

## TOPIA Saambid - en Kuiergeleentheid op Zoom


Jy word hartlik uitgenooi na 'n TOPIA saambid - en kuiergeleentheid via Zoom. Ons gaan terugvoer gee oor wat by TOPIA gebeur. Daarna gaan ons saam die Here dank en voorbedding doen. Kontak Lizanne Aucamp op 084 555 1890 om jou uitnodiging te ontvang.

**Waar:** Zoom Video

**Wanneer:** Donderdag 10 September 2020

**Hoe laat:** 19:00


## Nuttige inligting

**Ds Johannes Aucamp:**  072 815 7375

**Koster: Susan Fourie**  082 324 9399

**Pastorie:**  (012) 819 1181

**Kantoor: Benita Malan**  (012) 819 1424

 082 573 0855

**Epos:** [kerkkameeldrift@gmail.com](mailto:kerkkameeldrift@gmail.com)

### **Bankbesonderhede by ABSA**

**Geref Kerk Kameeldrift:** (1430340154)

**Diakonie:** (1430280135)

**Susters:** (1430810088)

